

Vrydag 21 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:10-13; 3:3b-9

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:10

**Wees eensgesind beteken nié enerse gesindheid nie
Predikers staan op gelyke voet as dienaars van God**

Paulus se raad is gevra oor *verdeeldheid* in die gemeente van Korinte, waarvan hy stigter was en 18 maande daar gewerk het. Korinte was 'n kulturele smeltkroes – verskeidenheid en kontraste ten opsigte van inkomste, godsdienste, intellektuele bedrywighede en sedelike norme, ook bekend vir korruksie en onsedelikheid wat hoogty gevier het.

Paulus gebruik sterk uitdrukings om die gemeente tot *onderlinge eenheid* op te roep kragtens hulle verbondenheid met die Seun van God, Jesus Christus.

Die *verdeeldheid en onenigheid* het ontstaan toe sekere lidmate aanhangers of volgelinge geword het van verskillende predikers wat in die gemeente opgetree het, soos *Paulus* wat stigter van die gemeente was, of *Apollos* wat as filosoof uit Egipte sy prediking meer beredenerend ingeklee het. Party het *Petrus (Sefas)* aangehang vanweë sy hoë aansien in die apostelkring, al het hy nie in Korinte opgetree nie. Een groep het hulle bo al die ander verhef en *Christus* vir hulle as leier toegeëien.

Die partyvorming was nie die gevolg van verskil in leer nie. Dit het in sondige hoogmoed gewortel (13-16). Om die sonde van die partyvorming aan te dui, wys Paulus daarop dat Christus tog nie aan net een groep kan behoort nie, want almal behoort aan Christus. Hy kan tog nie verdeel word nie. Tweedens mag mense nie met Christus gelykgestel word nie, so asof 'n mens vir hulle gekruisig is.

Predikers staan op gelyke voet. Hulle is medewerkers in diens van God. God skenk aan elkeen volgens die aard van sy taak sy eie beloning – of dit "plant" of "natgoot" is. Dit is God wat laat groei (1 Kor. 3:6-8).

Sing: Skrifberyming 20-1:3, 4, 5, 6 (1936)

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)